

13 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 42

Fokusgedeelte: Psalm 42:6, 12

Twyfel, vertrou en lofsang

Kinders van die Here twyfel ook soms, soos die Psalmdigter. As die rampe jou tref, kan dit gebeur dat jy twyfel en depressief raak. Dit voel soms of God swyg en dan wonder jy: Het Hy my vergeet? Waar is Hy dan? Jy wonder, veral as die spotters jou met leedvermaak aankyk.

Die Psalmdigter was om die een of ander rede ver van die tempel af. Hy kry swaar en smag van verlange na God. Hy begin twyfel en sy vyande spot hom. Maar as hy terugdink oor sy lewe (vs. 5), sien hy 'n feesvierende skare waarvan hy deel was, wat die Here loof en prys. Hulle juig en sing oor sy seëninge. God was by hulle. Dan vra hy: "Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Dit beteken dat hy tog van beter weet. God is getrou, Hy het dit bewys! Vertrou op Hom!

So vermaan die Psalmdigter homself en kom hy terug na God toe. Diep in sy hart weet hy, al lyk dit nou baie sleg en al sien hy geen lig nie: "Tog sal die Here weer op 'n dag sy trou laat blyk"(vs. 5), want eintlik was Hy nog altyd daar. Die besef dat die Here tog getrou is, maak die loflied en 'n belydenis by die Psalmdigter wakker (vs. 6b).

Vandag kan elke gelowige dit ook sing en bely, want Jesus Christus het gekom om God met ons te wees, soos Hy beloop het. Hy is deur God aan die kruis verlaat, sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie. Hy het ons vir ewig aan God verbind en Hy woon deur sy Gees in ons.

Dink hieroor na wanneer jy twyfel. Bid dat Hy deur die Heilige Gees altyd weer die vertrou en die loflied by jou sal wakker maak.

Sing: Psalm 42:1, 3, 5

Ds. JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)